op aanbeveling van die dekaan tot die eerste studiejaar van die driejarige B.luris met endossement: Finansiële Beplanningsreg (studiekode 3323) toegelaat word.

E9.4 Duur van studie

Die studie vir die graad Baccalaureus luris met endossement: Finansiële Beplanningsreg (studiekode 3323) duur 'n minimum van drie jaar.

Aanbied van modules van ander universiteite

(Toeligting tot Reg. A10)

1. Alle versoeke van studente om modules by ander universiteite aan te bied, moet skriftelik gemotiveer word.
2. (a) Indien die betrokke departementshoof nie oortuig is dat daar 'n aanvaarbare rede bestaan waarom die ekwivalente UV-module nie aangebied kan word nie, sal 'n versoek van 'n student om erkenning van ekwivalente module(s) wat hy/sy by 'n ander universiteit wil aanbied, slegs deur die Dekaan ingevolge Reg A31 toegestaan word.
(b) Indien 'n student die ekwivalente UV-module reeds tweemaal of meer gedruip het, sal sy/haar versoek om erkenning van 'n module wat hy/sy by 'n ander universiteit wil aanbied, slegs in uitsonderlike omstandighede, met inagneming van Reg A31 toegestaan word.

E9.5 Volgorde van modules en samestelling van studiejare

(Sien Regulasie A8, A19 en A31)

- (a) Studente vir die B.luris met endossement: Finansiële Beplanningsreg volg as algemene reël die modules in die studiejare en volgorde soos bepaal in die kurrikulum.
- (b) Die modules Finansiële Beplanningsreg FBR114 en FBR124 moet suksesvol voltooi word alvorens die kandidaat toegelaat sal word om met die modules FBR214, FBR224, FBR314 en FBR324 voort te gaan
- (c) 'n Student wat twee of meer semester-modules in enige semester gestaak of gedruip het, moet die betrokke module(s) in die eerste moontlike semester waarin dit deur die fakulteit aangebied word, herhaal. 'n Maksimum van ses semester-modules mag geneem word in die semester waarin die modules wat gedruip of gestaak is, herhaal word. Hierdie regulasie geld in alle gevalle onderworpe aan regulasies A8, A19 en A31 van die Universiteit.

E9.6 Graad met lof

Die B.luris met endossement: Finansiële Beplanningsreg-graad word met lof toegeken indien 'n student:

1. die kurrikulum vir die B.luris met endossement: Finansiële Beplanningsreg in die minimum voorgeskrewe tydsduur voltooi het; en
2. 'n gemiddelde gesamentlike slaagsyfer van minstens 75% in die volgende modules behaal het:

	Eerste Semester-kode	Tweede Semester-kode
Arbeidsreg	ARR214 16 K	ARR224 16 K
Belastingreg		BLR324 16 K
Ekonomiese Stelsels en Basiese Mikro-Ekonomie	EBN114 16 K	
Elektroniese en Internetreg		EIL424 16 K
Erfreg en Boedel-bereddering	ERF214 16 K	
Finansiële Beplanningsreg	FBR114 16 K	FBR124 16 K
Finansiële Beplanningsreg	FBR214 16 K	FBR224 16 K
Finansiële Beplanningsreg	FBR314 16 K	FBR324 16 K
Finansiële Praktyk	FPK112 8 K	FPK122 8K
Finansiële Praktyk	FPK212 8 K	
Handelstrustreg	HTR314 16 K	
Handelsregtelike Ooreenkomste	HRO314 16 K	HRO324 16 K
Inleiding tot Basiese Ekonomie		EBN124 16 K
Inleiding tot die Regswetenskap	ILR114 16 K	ILR124 16 K
Insolvensie- en Likwidasiereg		LIR424 16 K
Kontraktereg		KON224 16 K
Ondernemingsvormereg	ONR314 16 K	ONR324 16 K
Regsrekeningkunde	RRK208 32 K	
Sakereg		SAK324 16 K
Statistiek	STK114 16 K	STK124 16 K
Uitlegsleer	ULL214 16 K	

Een van die volgende keuse-modules:

Afrikaans vir die Professions of	AFP112, AFP132 32 K AFP122 en AFP142 32 K
Duits of	DTS154, DTS164 32 K
Duits	DTS112, DTS132, 32 K DTS122 en DTS142 32 K
Frans of	FRN112, FRN132 32 K FRN122 en FRN142 32 K
Latyn of	LAT114 en LAT124 32 K
Regsgengels of	REN108 32 K
Regstaal en kultuur	RTK108 32 K

of enige ander taal wat regsnavorsing ontsluit, mits dit op die rooster van die Fakulteit Geesteswetenskappe geplaas is, en nie bots met die rooster van die Fakulteit Regsgeleerdheid nie.

E9.7 Die volgende modules moet geslaag word om die B.luris met endossement: Finansiële Beplanningsreg (studie kode 3323) te verwerf:

Eerste studiejaar

Eerste semester

Ekonomiese Stelsels en Basiese Mikro-Ekonomie	EBN114
Finansiële Beplanningsreg *	FBR114
Finansiële Praktyk	FPK112
Inleiding tot die Regswetenskap	ILR114
Statistiek	STK114
Taalkursus (kyk keuses hieronder)	#

Tweede semester

Finansiële Beplanningsreg *	FBR124
Finansiële Praktyk	FPK122
Inleiding tot Basiese Ekonomie	EBN124
Inleiding tot die Regswetenskap	ILR124
Statistiek	STK124
Taalkursus (kyk keuses hieronder)	#

* Die modules Finansiële Beplanningsreg FBR114 en FBR124 moet suksesvol voltooi word alvorens die kandidaat toegelaat sal word om met die modules FBR214, FBR224, FBR314 en FBR324 voort te gaan.

Een van die volgende keuse-modules:

Afrikaans vir die Professie of	AFP112, AFP132
	AFP122 en AFP142
Duits of	DTS154, DTS164
Duits	DTS112, DTS132
	DTS122 en DTS142
Frans of	FRN112, FRN132
	FRN122 en FRN142
Latyn of	LAT114 en LAT124
Regsengels of	REN108
Regstaal en kultuur	RTK108

of enige ander taal wat regsnavorsing ontsluit, mits dit op die rooster van die Fakulteit Geesteswetenskappe geplaas is, en nie bots met die rooster van die Fakulteit Regsgeleerdheid nie.

Tweede studiejaar

Eerste semester

Arbeidsreg	ARR214
Erfreg en Boedelbereddering	ERF214
Finansiële Beplanningsreg	FBR214
Finansiële Praktyk	FPK212
Regsrekeningkunde (jaarmodule)	RRK208
Uitlegsleer	ULL214

Tweede semester

Arbeidsreg	ARR224
Elektroniese- en Internetreg	EIL424
Finansiële Beplanningsreg	FBR224
Kontraktereg	KON224
Regsrekeningkunde (jaarmodule)	RRK208

Derde studiejaar

Eerste semester

Finansiële Beplanningsreg	FBR314
Handelsregtelike Ooreenkomste	HRO314
Handelstrustreg	HTR314
Ondernemingsreg	ONR314

Tweede semester

Belastingreg	BLR324
Finansiële Beplanningsreg	FBR324
Likwidasië- en Insolvensiereg	LIR424
Ondernemingsreg	ONR324
Sakereg	SAK324

Reg. E14 Sillabusse en modules

- E14.1** Die inhoud van die sillabusse vir modules is, waar van toepassing, in ooreenstemming met die minimum-vereistes van die Raad vir die Erkenning van Regsamens.
- E14.2** Die sillabusse wat deur die verskillende departemente van die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied word, is soos volg *:

* Inligting van modules aangebied deur departemente wat onder ander fakulteite resorteer, is opgeneem in die jaarboeke van die relevante fakulteite. Die belangrikste van daardie modules wat normaalweg in hierdie fakulteit se programme ingesluit word, word vir die student se gerief aan die einde van hierdie afdeling ingesluit.

Modules word hierin alfabeties volgens die module-kode rangskik.

ARR214 Arbeidsreg

Die module ARR214 Arbeidsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die student sal aan die basiese begrippe en beginsels van die Arbeidsreg bekend gestel word.

Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om basiese arbeidsregtelike begrippe en beginsels te verduidelik en toe te pas, deur die identifisering van probleme en die formulering van oplossings met betrekking tot die gemenereg, Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, en tersaaklike hofuitsprake.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die student sal kennis opdoen van die basiese begrippe en beginsels van die Arbeidsreg, met verwysing na die volgende:

- die aard van die Arbeidsreg en Arbeidsverhoudinge;
- die ontwikkeling van die Arbeidsreg;
- die dienskontrak, gemeenregtelike verpligtinge van die werkgever en werknemer, en die beëindiging van die dienskontrak;
- die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995.

Die student sal leer om hierdie basiese begrippe en beginsels met bepaalde regsvaardighede te integreer.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

ARR224 Arbeidsreg

Die module ARR224 Arbeidsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die student sal aan die basiese begrippe en beginsels van die Arbeidsreg bekend gestel word.

Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student in staat te wees om basiese arbeidsregtelike begrippe en beginsels te verduidelik en toe te pas, deur die identifisering van probleme en die formulering van oplossings met betrekking tot die toepaslike wetgewing en tersaaklike hofuitsprake.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die student sal kennis opdoen van die basiese begrippe en beginsels van die Arbeidsreg, met verwysing na die volgende:

- Die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en –siektes, 1993
- Die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993
- Die Werkloosheids-versekeringswet, 2001
- Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997
- Die Wet op Vaardigheidsopleiding, 1998
- Die Wet op Gelyke Indiensneming, 1998

Die student sal leer om hierdie basiese begrippe en beginsels met bepaalde regsvaardighede te integreer.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

BCR424 Handelsmisdaad

Die module BCR424 Handelsmisdaad (16 krediete) word deur die Navorsingseenheid vir Ernstige Ekonomiese Misdaad in die Departement Handelsreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Na voltooiing van die module, sal die suksesvolle student in staat wees om te onderskei tussen die verskillende vorme van

handelsmisdaad uit 'n nasionale en vergelykende perspektief, asook die beginsels rakende die voorkoming en beheer verstaan en kan implementeer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die suksesvolle student sal oor 'n basiese kennis van die teorieë rondom die voorkoming, bekamping en verhaal van enige verliese gelyk as gevolg van handelsmisdaad beskik.

Assessering

Deurlopende assessering deur middel van gevallestudies en opdragte gedurende dié verloop van die module, asook die bywoning van die Cambridge-simposium, wat sal uitloop op 'n leerder-portefeulje.

BIR324 Betaalmiddele- en Immaterieelgoederereg

Die module BIR324 Betaalmiddele- en Immaterieelgoederereg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal bekend gestel word aan die algemene beginsels van die **Betaalmiddelereg**, geldigheidsvereistes waaraan verhandelbare dokumente moet voldoen, verskillende prosesse waarin verhandelbare dokumente regte en verpligtinge meebring en ook verskillende verhandelbare dokumente soos die wissel, tjek, promesse, kredietkaart, reisigerstjek en debietkaart.

Studente word bekend gestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van **Immaterieelgoederereg**. Die kursus het ten doel om studente te lei in die regsbeginne wat die verhouding tussen individue onderling reël ten opsigte van geestes-skeppinge. Studente word in staat gestel om probleme in die veld van Immaterieelgoederereg te identifiseer en dit op te los deur die praktiese toepassing van Immaterieel-goedereregbeginne.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ❑ Algemene beginsels van die Betaalmiddelereg;
 - ❑ Geldigheidsvereistes waaraan voldoen moet word alvorens 'n dokument as 'n verhandelbare dokument beskou sal word;
 - ❑ Verskillende prosesse soos verhandeling en akseptasie;
 - ❑ Die begrip houerskap;
 - ❑ Verskillende verhandelbare dokumente soos die wissel, tjek, promesse, kredietkaart, reisigerstjek en debietkaarte;
- en ook rakende:
- ❑ Outeursreg
 - ❑ Handelsmerke
 - ❑ Modelle
 - ❑ Patente.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

BLR324 Belastingreg

Die module BLR324 Belastingreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekend gestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van Belastingreg. Die kursus het ten doel om studente in staat te stel om belastingprobleme te identifiseer en dit op te los deur die praktiese toepassing van belastingbeginsels.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ Inleiding tot Belastingreg
- ☐ Interpretasie van belasting wetgewing
- ☐ Bruto inkomste
- ☐ Inkomste en kapitaal
- ☐ Spesiale insluitings
- ☐ Verblyf en bron
- ☐ Vrygestelde inkomste
- ☐ Algemene en spesiale aftrekkings
- ☐ Individue en byvoordele
- ☐ Vennootskappe, maatskappye en beslote korporasies
- ☐ Belastingvermyding
- ☐ Algemene bepalings
- ☐ Kapitaalwinsbelasting
- ☐ Skenkingsbelasting
- ☐ Trusts
- ☐ Insolvente en bestorwe boedels
- ☐ Boedelbelasting
- ☐ Belasting op Toegevoegde Waarde.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

BWR224 Bewysreg

Die module BWR224 Bewysreg (16 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekend gestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Bewysreg en die praktiese implikasies daarvan, met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- Inleiding tot Bewysreg.
- Beginsels in die Bewysreg.
- Aanbieding van getuienis.
- Grondwetlike Aspekte.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

CPR414 Capita Selecta uit die Privaatreg

Die module CPR414 Capita Selecta uit die Privaatreg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied

Kennis van Kontraktereg, Deliktereg, Sakereg en Erfreg word voorveronderstel.

Beskrywing en doel van kursus

Die module beslaan die velde van Verryking, Estoppel en Huurreg. Studente sal toegerus word met spesialiskennis op die terrein van die verrykingsreg ten einde hulle in staat te stel om die verskuiwing van vermoë sonder 'n regsgeldige oorsaak te identifiseer en krities te ontleed met die oog op -

- ❑ die vasstelling van verrykingsaanspreeklikheid op 'n algemene beginselgrondslag;
- ❑ die klassifisering van die laat-klassieke verrykingsaksies;
- ❑ die aanwending van kasuïstiese ad hoc-uitbreidingsgevalle.

Studente sal met spesialiskennis op die terrein van estoppel toegerus word ten einde hulle in staat te stel om die verweer

steunende op die skynverwekking tot die misleide se nadeel te identifiseer en krities te ontleed met die oog op -

- ❑ die aanwending van die verweer om die skynverwekker te stop om op die waarheid te steun;
- ❑ die verkryging van eiendomsreg en die aanvulling van konsensus by kontrakte deur estoppel krities te ondersoek;
- ❑ die aanwending van die nuttige verweer te ondersoek as deel van die materiële reg.

Die student sal voorts toegerus wees met spesialiskennis op die terrein van die huurreg ten einde hul in staat te stel om -

- ❑ die *essentialia* van die huurkontrak te identifiseer;
- ❑ die regte en verpligtinge van die betrokke partye te identifiseer;
- ❑ remedies tot beskikking van die betrokke partye toe te pas; en
- ❑ kernkonsepte rakende die vakgebied te identifiseer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Verryking -

- ❑ begripspresisering met betrekking tot die grondslag van verryking, objektiewe regsgronde, ongeregverdigde kousale vermoënsverskuiwing, retensieregte, sakeregtelike en kontrakregtelike begrip;
- ❑ 'n algemene verrykingsaksie;
- ❑ klassieke verrykingsaksies; en
- ❑ ad hoc-uitbreidings ten einde kasuïsties vir nuwe gevalle voorsiening te maak.

Estoppel -

- ❑ begripspresisering met betrekking tot die grondslag van estoppel, skynverwekking, verandering van regsposisie en vorm van skuld waarskynlik benodig;
- ❑ elemente van estoppel, soos skynverwekking, skuld, kousaliteit en benadeling;
- ❑ aanwendingsmoontlikhede;
- ❑ beperkings op estoppel.

Huurreg -

- ❑ Algemene beginsels van die Kontraktereg;
- ❑ Wesenselemente van die huurkontrak;

- ❑ Partye tot 'n huurkontrak se onderskeie regte, verpligtinge en remedies in geval van kontrakbreuk; en
- ❑ Algemeen voorkomende begrippe in huurkontrakte.

Assessering

Die suksesvolle student sal in staat wees om -

- ❑ probleemstellings oor *sine causa* vermoënsverskuiwings, gevalle van skynverwekking tot die misleide se nadeel te identifiseer en op te los;
- ❑ te analiseer, onderskei en die verbande te lê tussen begrippe rakende ongeregverdigde verrykking, *res judicata*, estoppel en met aanverwante leerareas;
- ❑ te kommunikeer op 'n effektiewe, verstaanbare en logiese wyse ten einde uitdrukking te gee aan parate kennis;
- ❑ die bestaan al dan nie van 'n geldige huurkontrak te bepaal;
- ❑ probleme rondom die afdwinging van regte en verpligtinge voortvloeiend uit die huurkontrak op te los; en
- ❑ belangrike relevante beginsels te interpreteer en toe te pas.

DEE414 Deeltitels en Aandeleblokskemas

Die module DEE414 Deeltitels en Aandeleblokskemas (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekendgestel aan die algemene regsbeginnsels van Deeltitels en Aandeleblokskemas en die praktiese toepassing daarvan.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- Die dogmatiese basis vir deeleienaarskap;
- Vestiging van 'n Deeltitelskema;
- Statutêre beskerming van kopers en huurders;
- Sanksies en geskilbeslegting;
- Regshandelinge m.b.t. deeltiteleenhede en gemeenskaplike eiendom;
- Fase- ontwikkeling van eenhede;
- Die reëls en bestuur van 'n deeltitelskema;
- Heropbou of beëindiging van 'n deeltitelontwikkeling.
- Aandeleblokskemas en aandeleblokmaatskappye
- Die volgende aspekte rakende die beplanning en inwerkingstelling van die aandeleblokskema:
 - Die totstandkoming van die Maatskappy self
 - Die Akte en Statute van die Maatskappy
 - Die gebruiksooreenkoms
 - Die bevoegdhede van die Aandeleblok-maatskappy en die rol van die ultra vires leerstuk
 - Die ontwikkelaar se verpligtinge en bevoegdhede
 - Bemaking van die Aandeleblokskema
- Aspekte rakende aandeelhouing en die regte van die aandeelhouer, okkupasie, stemreg, dividende en die pligte van die Aandeelhouer
- Die bestuur en beëindiging van die skema.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

DEL314 Deliktereg

Die module DEL314 Deliktereg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied

Kennis van die module Inleiding tot die Reg word voorveronderstel.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekendgestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Deliktereg en die praktiese toepassing daarvan met verwysing na die invloed van die Grondwet.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te verstaan, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ vasstelling of aan die vereistes vir 'n delik voldoen is, nl:
 - Handeling,
 - Onregmatigheid,
 - Skuld en medewerkende skuld,
 - Kousaliteit en
 - Skade;
- ☐ aanwending van die korrekte remedies;
- ☐ verskaffing van basiese advies rakende skadebepaling en – vergoeding;
- ☐ vasstelling van moontlike verwerpe teen aanspreeklikheid;
- ☐ mededaderskap;
- ☐ besondere verskyningsvorme van delik:
 - *damnum iniuria datum*;
 - *iniuria*; en
 - skuldlose aanspreeklikheid.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

EIL424 Elektroniese- en Internetreg

Die module EIL424 Elektroniese- en Internetreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die module het ten doel om die student bekend te stel aan die aard van elektroniese- en internetreg, die tegniese werking en terme, die aanspreeklikheid van diensverskaffers, telekommunikasie wetgewing, die werking van elektroniese transaksies, kriptografie en waarmerking. Aanlyn verbruikersbeskerming, elektroniese betalings, belasting, vryheid van spraak en privaatheid word ook aangespreek. Die strafreg, immaterieelgoedere beskerming en aanlyn geskilbeslegting vorm ook deel van die module.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die suksesvolle student sal in staat wees om -

- ❑ die direkte en indirekte invloed van elektroniese reg op besigheid, onderwys, vermaak, kommunikasie en misdaad te kan identifiseer;
- ❑ die nasionale, oorgrens en internasionale beskerming teen elektroniese reg misdrywe te kan verduidelik;
- ❑ die grondwetlike regte met verwysing na vryheid van spraak en die reg tot privaatheid in inligtingstechnologie te kan aanpas;
- ❑ die werking van e-handel met verwysing na digitale handtekening, immaterieelgoedere, name van webtuistes, belasting, kontrakte, aanlyn betalings en delikte te kan bespreek;
- ❑ kliënte te kan adviseer oor verbruikers beskerming op die internet;
- ❑ die toepassing van telekommunikasie wetgewing te kan bespreek;
- ❑ strafregtelike bepalings te kan identifiseer en toepas;
- ❑ die moontlikhede van aanlyn geskilbeslegting as 'n alternatief vir tradisionele litigasie te ondersoek.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

ERF214 Erfreg en Boedelbereddering

Die module ERF214 Erfreg en Boedelbereddering (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die student sal -

- ❑ bekendgemaak word met die teorie van Testate en Intestate Erfreg;
- ❑ in staat wees om 'n bestorwe boedel te beredder;
- ❑ kan bepaal wat met 'n persoon se goed na sy afsterwe sal gebeur;
- ❑ weet hoe om 'n testament te verly;
- ❑ hoe om Intestate Erfreg toe te pas;
- ❑ hoe om 'n bestorwe boedel by die Meester te rapporteer;
- ❑ hoe 'n eksekuteur aangestel word;
- ❑ regstappe in die bereddering van 'n bestorwe boedel;
- ❑ hoe om boedelbelasting te bereken.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ❑ Wet op Testamente.
- ❑ Wet op Intestate Erfopvolging.
- ❑ Boedelbelastingwet.

Die suksesvolle student sal in staat wees tot -

- ❑ bepaling van intestate erfgename;
- ❑ uitleg van 'n testament en vasstelling van erfgename;
- ❑ bepaling van wie erf wat;
- ❑ verlyding van 'n testament;
- ❑ bereddering van 'n bestorwe boedel.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

FAM114 Familiereg

Die module FAM114 Familiereg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal, met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak, bekend gestel word aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Familiereg en die praktiese implikasies daarvan.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om (met inagneming van konstitusionele waardes), begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- Die vereistes vir verlowings, huwelike en burgerlike verbintenisse;
- Die verskillende huweliksgoedere-stelsels;
- Die voorgeskrewe formaliteits-vereistes en die inhoudsbepalings van voorhuwelikse kontrakte;
- Die beëindiging van die huwelik/burgerlike verbintenis en die regsgevolge van sodanige beëindiging.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

FBR414 Finansiële Beplanningsreg

Die module FBR414 Finansiële Beplanningsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die student word bekend gestel aan die regulerende omgewing vir finansiële beplanning, insluitende die rol van etiek, die regulerende agtergrond and raamwerk, verbruikersbeskerming en alternatiewe geskilbeslegting in die finansiële dienste bedryf, kontraktuele en deliktuele aanspreeklikheid en relevante regspraak. Die student word ook verder bekend gestel aan die gebruik van die finansiële sakrekenaar en die uitvoering van verskeie finansiële berekenings met betrekking tot die tydwaarde van geld.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort die student in staat te wees om:

- ❑ die regulerende omgewing waarin die finansiële beplanner funksioneer te verstaan, advies daaromtrent te kan gee en die nodige kennis daaromtrent te kan toon om in praktyk daaraan te voldoen.
- ❑ verskeie finansiële berekenings te kan uitvoer met betrekking tot die tydwaarde van geld en kliënte daarvolgens te kan adviseer.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

FBR424 Finansiële Beplanningsreg

Die module FBR424 Finansiële Beplanningsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die student word bekend gestel aan die beginsels van belasting in Suid-Afrika, insluitende inkomste-, kapitaalwins-, boedel- en

skenkingsbelasting asook die berekening daarvan in die konteks van persoonlike finansiële beplanning. Die student word ook verder bekend gestel aan basiese boedelbeplannings-beginsels- en instrumente insluitende testamente, huweliksgoedere-bedelings, trusts en die praktiese gebruik daarvan in boedelbeplanning.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om:

- ❑ Kennis rondom die beginsels van inkom-ste-, kapitaalwins-, boedel- en skenkingsbelasting te kan toon asook hierdie beginsels prakties te kan toepas in die berekening van belastingaanspreeklikheid vir hierdie belastings in die konteks van persoonlike finansiële beplanning.
- ❑ Kennis rondom die beginsels van boedelbeplanning en die instrumente gebruik in die boedelbeplanningsproses, te kan toon en toepas.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

HRO314 Handelsregtelike ooreenkomste, Verbruikers- en Versekeringsreg

Die module HRO314 Handelsregtelike ooreenkomste, Verbruikers- en Versekeringsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekend gestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van Mededingings-, Versekerings- en Pensioenfondsreg en die praktiese implikasies daarvan.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te verstaan, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende -

- ☐ Mededingingsreg;
- ☐ Versekeringsreg;
- ☐ Pensioenfondsreg.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

IER424 Internasionale Ekonomiese Reg

Die module IER424 Internasionale Ekonomiese Reg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die module is gerig op die verwerwing van 'n breë kennis ten aansien van die Internasionale Ekonomiese Reg en die regulering daarvan.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die suksesvolle student moet kennis demonstreer ten aansien van:

- ☐ Internasionale beleggings.
- ☐ Internasionale handel insluitend kooptransaksies.
- ☐ Geskilbeslegting.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

ILR114 Inleiding tot die Regswetenskap

Die module ILR114 Inleiding tot die Regswetenskap (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Inleiding tot die Regswetenskap stel studente bekend aan n oorsig van die Suid-Afrikaanse regsisteem. ILR 114 fokus op basiese beginsels van die reg; n oorsig oor die Suid Afrikaanse regsgeskiedenis; bronne van die Suid-Afrikaanse reg; indeling van die reg; basiese aspekte van privaatreë, siviele prosesreg en strafreg en praktiese regsvaardighede.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- Basiese beginsels van die Suid-Afrikaanse reg;
- Die historiese agtergrond van die Suid-Afrikaanse reg;
- Die bronne van die Suid-Afrikaanse reg;
- Die indeling en funksionering van die Suid-Afrikaanse reg;
- Beginsels van privaatreë, siviele prosesreg en strafreg;
- Die werking van die Suid-Afrikaanse howe; en
- Basiese regsnavorsing en ander praktiese regsvaardighede.

Assessering

Beide formatiewe (bv. klastoetse, werkstukke, semestertoetse) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die uitkomste bereik het.

ILR124 Inleiding tot die Regswetenskap

Die module ILR124 Inleiding tot die Regswetenskap (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Inleiding tot die Regswetenskap stel studente bekend aan 'n oorsig van die Suid-Afrikaanse regsisteem. ILR124 fokus op basiese beginsels van die reg; beginsels van strafprosesreg en bewysreg, die reg en die besigheidswêreld, die jurisdiksie en werking van Suid-Afrikaanse howe en alternatiewe dispuutbeslegting; 'n oorsig oor die Suid-Afrikaanse Grondwet; die regsberoep; regsvergelyking; regstaal en kommunikasie; regsargumente en logika; verskillende perspektiewe op die reg; MIV/VIGS en die reg; en regsnavorsing

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- Basiese beginsels van die Suid-Afrikaanse reg;
- Beginsels van die strafprosesreg en bewysreg;
- Die werking van kontrakte en verskillende vorme van besigheid;
- Die jurisdiksie en werking van gewone howe, die Konstitusionele Hof, spesiale howe en alternatiewe dispuutbeslegting;
- Soorte grondwette, die Suid-afrikaanse grondwetgeskiedenis, die 1996 finale grondwet en menseregte;
- Verskillende regsberoeppe in die privaat- en openbare sektor;
- Redes vir regsvergelyking en verskillende regstelsels;
- Regstaal en kommunikasie;
- Regsargumente en logika;
- Verskillende filosofiese perspektiewe op die reg;
- MIV/VIGS en die reg; en
Regsvaardighede en praktiese beginsels vir regsnavorsing.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke, klastoetse) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

INR424 Internasionale Reg

Die module INR424 Internasionale Reg (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die doel van die module is om studente toe te rus met kennis van

-

- ☐ Die wyse waarop Internasionale Publiekereg gevorm en afgedwing word;
- ☐ Die regte en verpligtinge van state as lede van die internasionale gemeenskap.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ☐ Historiese oorsig
- ☐ Regsvorming
- ☐ Afdwinging
- ☐ Erkenning van state en regerings
- ☐ Jurisdiksie
- ☐ Immuniteit
- ☐ Verantwoordelikhede van state
- ☐ Internasionale menseregte: handveste en meganismes
- ☐ Humanitêre reg

Die student moet demonstreer dat hy/sy in staat is om -

- ☐ Die aard van regsprobleme in die internasionale reg te verstaan;
- ☐ Die korrekte beginsels kan toepas ten aansien van sodanige probleme; en
- ☐ Vrae in hierdie verband op logies-geïntegreerde wyse kan beantwoord.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

IPR414 Internasionale Privaatreg

Die module IPR414 Internasionale Privaatreg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die student sal in staat wees om:

- ❑ Die ontstaan van 'n internasionaal privaatregtelike probleem te identifiseer;
- ❑ Die terminologie en soorte Internasionale Privaatreg reëls toe te pas;
- ❑ Die opeenvolgende stadiums in die internasionale privaatregtelike geskil te bepaal;
- ❑ Konseptuele probleme in die Internasionale Privaatreg op te los;
- ❑ Die vasstelling en bewys van vreemde reg toe te pas;
- ❑ Die verwysingspunte by die verskillende kategorieë probleemgebiede te identifiseer en toe te pas;
- ❑ Die oplossingsmoontlikhede aan die hand van die *leges causae* vas te stel;
- ❑ Die materiële oplossing vir 'n internasionale privaatregtelike geding in die finale plek te verskaf.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ❑ Inleiding tot die Internasionale Privaatreg;
- ❑ Klassifikasie;
- ❑ Leerstuk van *Renvoi*;
- ❑ *Capita Selecta* uit die Internasionale Privaatreg, o.a. die Persone-reg, Familiereg, Kontraktereg, Deliktereg, Sakereg en Erfreg,
- ❑ *leges causae*.

Die suksesvolle kandidaat sal in staat wees om:

- ❑ Regsprobleme waar verskillende lande se regstelsels ter sprake is te identifiseer.
- ❑ Vreemde reg vas te stel deur middel van die verwysingsbegrip en -reël.
- ❑ Hoe om vreemde reg te bewys.

- ❑ Probleme rakende privaatregtelike aspekte met vreemde feite met internasionale privaatregtelike reëls en materiële reg op te los.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

KON224 Kontraktereg

Die module KON224 Kontraktereg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die suksesvolle student sal toegerus wees met kennis met betrekking tot:-

- a) Die ontstaansvereistes vir kontrakte
- b) Kontrakbreuk
- c) Remedies na kontrakbreuk
- d) Voldoening en oorgang van regte en verpligtinge.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ❑ Die ontstaansvereistes vir kontrakte
- ❑ Kontrakbreuk
- ❑ Remedies na kontrakbreuk
- ❑ Voldoening en oorgang van regte en verpligtinge.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

LIR424 Insolvensie- en Likwidasiereg

Die module LIR424 Insolvensie- en Likwidasiereg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Insolvensiereg is 'n onderafdeling van die Handelsreg, wat die student voorberei vir 'n beroep in of ter ondersteuning van die handel. Die module sal die student in staat stel om kliënte, skuldeisers of skuldenaars, wat betrokke is by insolvente boedels, met die beste advies te bedien.

Om daartoe in staat te wees, is dit noodsaaklik dat die student met die basiese beginsels van die Insolvensiereg kennis maak en 'n goeie wetenskaplike agtergrond vir die toepassing daarvan opbou. Likwidasiereg bestaan uit likwidasië en verwante onderwerpe uit die Maatskappyreg, Beslote Korporasiereg en Vennootskapsreg. Die doel van die module is om die student vertrouwd te maak met die regsbeginne onderliggend aan hierdie prosesse en ondernemingsvorme asook hoe dit prakties aanwending sal vind.

Die module bied verder perspektief op die regswetenskap as geheel, byvoorbeeld oor die toepassing van die beginne van handelingsbevoegdheid en trouverhoudinge, verbintenisse, regs-aanspreeklikheid en vorderingsregte.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die suksesvolle student moet kennis demonstreer met betrekking tot -

- ☐ Inleiding tot die Insolvensiereg;
- ☐ Die sekwestrasieproses;
- ☐ Die uitwerking van sekwestrasie;
- ☐ Die regte van skuldeisers;
- ☐ Kuratorskap;

- ❑ Die beredderingsproses;
- ❑ Akkoord en rehabilitasie;
- ❑ Geregtelike bepalings;
- ❑ Bepalings oor ondernemingsvorme;
- ❑ Vennootskappe;
- ❑ Trusts;
- ❑ Maatskappye;
- ❑ Beslote Korporasies; en
- ❑ Reddingskemas.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

MCR424 Mededingingsreg

Die module MCR424 Mededingingsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekend gestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van Mededingingsreg. Die kursus het ten doel om studente in staat te stel om die gemeenregtelike beginsels van deliktereg van toepassing te kan maak op mededingers en ook die publiekregtelike bepalings vervat in wetgewing in hierdie verband te kan aanwend.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ❑ Mededinging en subjektiewe regte
- ❑ Werfkrag
- ❑ Regstreekse en onregstreekse inwerking
- ❑ Aanklamping, aanleuning en prestasie-aanklamping
- ❑ Kontraktuele bepalings
- ❑ Statutêre bepalings.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

MDF414 Medicina Forensis

Die module MDF414 Medicina Forensis (16 krediete) word in die Departement Straf- en Geneeskundige Reg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Suksesvolle studente sal in staat wees om vasgestelde aspekte rakende die Geneeskundige Reg, wat in geen ander vakgebied in die regsprofessionele opleidingsprogram hanteer word nie, onder die knie te kry, waaronder -

- ❑ Om regsetiese vraagstukke te identifiseer.
- ❑ Om sodanige regsetiese vraagstukke te kan oplos of kliënte daarvoor te kan adviseer.
- ❑ Om die praktiese implikasie van die grondwet voortdurend in ag te neem.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Geneeskundige Reg:

- ❑ Die Suid-Afrikaanse regstelsel met betrekking tot Geneeskundige Reg.
- ❑ Kontraktuele verhoudings tussen geneesheer en pasiënt.
- ❑ Kontraktuele verhoudings tussen geneesheer onderling.
- ❑ Toestemming tot behandeling.
- ❑ Skending van die pasiënt se reg op privaatheid.
- ❑ Die geneesheer as deskundige getuie in die hof.
- ❑ Genadedood.
- ❑ Geslagsverandering.
- ❑ Kindermolestering.
- ❑ Geneesheer, pasiënt en VIGS.
- ❑ Mediese rekords.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

MDF424 Medicina Forensis

Die module MDF424 Medicina Forensis (16 krediete) word in die Departement Straf- en Geneeskundige Reg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Suksesvolle studente sal in staat wees om vasgestelde aspekte rakende die Geneeskundige Reg, wat in geen ander vakgebied in die regsprofessionele opleidingsprogram hanteer word nie, onder die knie te kry, waaronder -

- ❑ Om regsetiese vraagstukke te identifiseer.
- ❑ Om sodanige regsetiese vraagstukke te kan oplos of kliënte daarvoor te kan adviseer.
- ❑ Om die praktiese implikasie van die grondwet voortdurend in ag te neem.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Geneeskundige Reg:

- ❑ Nalatige wanpraktyke.
- ❑ Alkohol en verwante aspekte.
- ❑ Regulering van gifstowwe.
- ❑ Persone in aanhouding en beweerde marteling.
- ❑ Regsgeneeskundige nadoodse ondersoeke, geregtelike doodsondersoeke en uitreiking van doodsertifikate.

Geregtelike Geneeskunde:

- ❑ Inleiding.
- ❑ Dood en die veranderinge wat daarmee gepaard gaan.
- ❑ Kindermishandeling / Skielike onverwagte sterfte sindroom.
- ❑ Geregtelike implikasies geassosieer met swangerskap.
- ❑ Verkragting.
- ❑ Verkeersongelukke.
- ❑ Statutêre aspekte van Geregtelike Geneeskunde.
- ❑ Diverse aspekte van Geregtelike Geneeskunde.
- ❑ Hipertermie.
- ❑ Respiratoriese obstruksie/asfiksie.
- ❑ Algemene traumatologie.
- ❑ Buikbeserings.
- ❑ Hoofbeserings.
- ❑ Skietwonde/beserings in ontploffings.

- Eitelalkohol.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

MMF424 Derdepartyvergoedingsreg

Die module MMF424 Derdepartyvergoedingsreg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekend gestel aan die algemene regsbeginsels van derdepartyvergoedingsreg en die praktiese toepassing daarvan.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- Die vereistes vir aanspreeklikheid in die geval van geïdentifiseerde eise sowel as tref- en trap-botsings;
- Uitsluiting van aanspreeklikheid;
- Berekening en beperking van verhaalbare skade;
- Verjaring en hantering van eise, en
- Die regresreg van die Padongelukkefonds.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

OGR424 Omgewingsreg

Die module OGR424 Omgewingsreg (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal bekend gestel word aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Omgewingsreg, die vernaamste omgewingswetgewing en die praktiese implikasies daarvan.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te verstaan en krities te evalueer, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ❑ Die aard en inhoud van die omgewingsreg;
- ❑ Nasionale en internasionale bronne van die omgewingsreg;
- ❑ Die grondwetlike reg op die omgewing;
- ❑ Raamwerkwetgewing op die omgewing;
- ❑ Die reg met betrekking tot bepaalde omgewingstemas, soos natuurbewaring, water- en lugbesoedeling, afvalbestuur, mynbou, ens.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

ONR314 Ondernemingsvormereg

Die module ONR314 Ondernemingsvormereg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal bekend gestel word aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Ondernemingsvormereg (Vennootskapsreg, Beslote Korporasiereg en die reg aangaande handelsdrywende trusts en stokvels) en die praktiese implikasies daarvan met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die student sal kennis opdoen van die basiese begrippe en beginsels van die Ondernemingsvormereg, met verwysing na die volgende:

- ❑ die vennootskap as regsfiguur en as ondernemingsvorm;
- ❑ oprigting van die vennootskap;

- ❑ die interne en die eksterne verhouding in die vennootskap;
- ❑ ontbinding van die vennootskap;
- ❑ die beslote korporasie as regsfiguur en as ondernemingsvorm;
- ❑ oprigting van die beslote korporasie;
- ❑ die interne en eksterne verhouding in die beslote korporasie;
- ❑ die handeldrywende trust as regsfiguur en ondernemingsvorm;
- ❑ die stokvel as regsfiguur en ondernemingsvorm.

Die student sal leer om hierdie basiese begrippe en beginsels met bepaalde regsvaardighede te integreer.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

ONR324 Ondernemingsvormereg

Die module ONR324 Ondernemingsvormereg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal bekend gestel word aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Ondernemingsvormereg (Maatskappyereg) en die praktiese implikasies daarvan met voortdurende verwysing na beide regshervorming en die grondwetlike impak.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die student sal kennis opdoen van die basiese begrippe en beginsels van die Ondernemingsvormereg, met verwysing na die volgende:

- ❑ die maatskappy as regsfiguur en as ondernemingsvorm;
- ❑ oprigting van die maatskappy;
- ❑ die interne verhouding (insluitend aandeelhouders, direkteur, bestuur ens) in die maatskappy;
- ❑ die eksterne verhouding in die maatskappy;
- ❑ ontbinding en deregistrasie van die maatskappy;
- ❑ ontwikkeling van die maatskappyereg

Die student sal leer om hierdie basiese begrippe en beginsels met bepaalde regsvaardighede te integreer.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

PBR314 Publiekreg

Die module PBR314 Publiekreg (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Suksesvolle studente sal toegerus wees met spesialiskennis en – vermoëns op die veld van die Staatsreg, Menseregte en Organisasiereg.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Suksesvolle studente sal -

- Ken en verstaan wat bedoel word met Publieke Reg en Staatsreg.
- Die Konstitusionele geskiedenis van Suid-Afrika ken.
- Die basiese beginsels/waardes van die Nuwe Grondwet-orde verstaan.
- Die bronne van die Staatsreg ken.
- Die begrip “Menseregte” verstaan, sowel as die verskillende teorieë rakende die interpretasie van die Handves van Menseregte.
- Die toepassing van Menseregte ken en verstaan.
- Bekend wees met drie belangrike menseregte wat in die Suid-Afrikaanse Grondwet verskans is nl. die reg op lewe; godsdiensvryheid; en die reg op uitdrukking.
- Die Regverdige Beperking van Regte verstaan en kan toepas.
- Die basiese begrippe van Organisasiereg verstaan, veral en meer spesifiek, die samewerking tussen verskillende sfere van die regering; die wetgewende en uitvoerende bevoegdhede binne nasionale, provinsiale en plaaslike sfere van die regering; sowel as die konflik van wetgewing tussen verskillende sfere van die regering.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

PBR324 Publiekreg

Die module PBR324 Publiekreg (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente word ingelei in die basiese en grondslagleggende beginsels, konsepte en denkbeelde van Administratiefreg en die basiese tegnieke by die oplossing van probleme met betrekking tot administratiewe geregtigheid en administratiewe legaliteit met spesifieke verwysing na die Grondwet.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te stel om kennis te verwerf van konsepte, idees en beginsels, probleme te identifiseer en op te los met betrekking tot:

- Bronne van die Administratiefreg;
- Administratiewe geregtigheid in die konstitusionele sfeer;
- Administratiewe legaliteit;
- Staatsaanspreeklikheid; en
- Administratiewe Prosesreg.

Assessering

Sowel formatiewe metodes (deur middel van toetse en werkstukke) en summatiewe metodes (eksamens), word geïmplementeer ten einde te bepaal of die leerders die vereiste uitkomst bereik het.

PBR414 Publiekreg

Die module PBR414 Publiekreg (16 krediete) word in die Departement Staatreg en Regsfilosofie aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal bekend gestel word aan geselekteerde onderwerpe uit die Publiekreg ten einde hulle in staat te stel om die toepaslike regsbeginnels krities te evalueer en toe te pas.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te verstaan, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende -

- Die reg op eiendom en grondhervormingswetgewing;
- Die reg op inligting en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting;
- Die reg op gelykheid, die Wet op Gelyke Indiensneming, die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie; wetgewing mbt swart ekonomiese bemagtiging;
- Geselekteerde tweede generasie-regte; en
- Die reg op administratiewe geregtigheid en die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

PBR424 Publiekreg

Die module PBR424 Publiekreg (16 krediete) word in die Departement Staatreg en Regsfilosofie aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal bekend gestel word aan geselekteerde onderwerpe uit die Publiekreg ten einde hulle in staat te stel om die toepaslike regsbeginnels krities te evalueer en toe te pas.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te verstaan, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende -

- ❑ Die reg op eiendom en grondhervormingswetgewing;
- ❑ Die reg op inligting en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting;
- ❑ Die reg op gelykheid, die Wet op Gelyke Indiensneming, die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie; wetgewing mbt swart ekonomiese bemagtiging
- ❑ Geselekteerde tweede generasie-regte; en
- ❑ Die reg op administratiewe geregtigheid en die Wet op Bevordering van Administratiewe Geregtigheid

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

PSN124 Personereg

Die module PSN124 Personereg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal toegerus wees met spesialiskennis op die gebied van die Personereg.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ontstaan en beëindiging van regsubjektiwiteit;
 - inhoud en omvang van regsubjektiwiteit;
 - faktore wat regstatus beïnvloed;
- met inagneming van konstitusionele waardes.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

RGK114 Regsgeskiedenis

Die module RGK114 Regsgeskiedenis (16 krediete) word in die Departement Romeinse Reg, Regsgeskiedenis en Regsvergelyking aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die suksesvolle student sal in staat wees om die bronne en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse reg te identifiseer, te bespreek en krities te evalueer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die oordra van 'n grondige kennis van en insig in, die sosiale en historiese ontstaan en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse gemenereg, asook die vermoë om huidige en toekomstige regsontwikkelinge krities te evalueer.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

RGK424 Regsgeskiedenis

Die module RGK424 Regsgeskiedenis (16 krediete) word in die Departement Romeinse Reg, Regsgeskiedenis en Regsvergelyking aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die doel van die module is om die student sensitief te stem vir die ontwikkelingsgang van die Suid-Afrikaanse reg en die ontsluiting van die Suid-Afrikaanse reg deur middel van regsgeeskiedenis.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ❑ Die regshistoriese metode van regsontsluiting – teorie en praktyk.
- ❑ Die toepassing van die regshistoriese metode op geselekteerde temas van die reg.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

RGL414 Regsleer

Die module RGL414 Regsleer (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente word ingelei in die basiese en funderende beginsels, konsepte en denkbearde van regsideologie, jurisprudence en regsteorie met betrekking tot:

- die reg en statisme;
- die reg en die internasionalisering van menseregte-jurisprudence;
- reg en religie;
- reg en die grondslae van soaiale kontrakdenke en menseregtejurisprudence;
- reg en die ideologiese onderbou van geregtigheid;
- reg en die oorspronge van legalisme en juridiese positivisme.

Studente word voorts bemagtig om die implikasies van verskillende problematiese judisiële benaderings en teorieë tot die toepassing van die reg en geregtigheid te evalueer met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse konstitusionele staat en die ideologiese benaderings van die regbank.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te stel om kennis te verwerf van konsepte, idees en beginsels, probleme te identifiseer en op te los met betrekking tot:

- die ideologiese inhoud van die reg;
- die mees invloedryke ideologiese benaderings tot reg en geregtigheid;
- die onderskeie modelle met betrekking tot geregtigheid en die praktiese implikasies daarvan vir die samelewing;
- menseregte en die filosofiese inhoud daarvan ;
- 'n kritiese analise van die positivistiese jurisprudence, en
- die etiese verfyning van die reg en geregtigheid.

Assessering

Sowel formatiewe metodes (deur middel van toetse en werkstukke) en summatiewe metodes (eksamens), word geïmplementeer ten einde te bepaal of die studente die vereiste uitkomst bereik het met betrekking tot die sistematisering, analise en integrering van kennis soos vereis ingevolge die uitkomst.

RGL424 Regsleer

Die module RGL424 Regsleer (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente word ingelei in die basiese en funderende beginsels, konsepte en denke van die reg en benaderings dat die reg morele inhoud het; geregtigheid en private eiendom; positivisme en amoraliteit; geregtigheid en die reg van verset; subjektivisme, objektivisme en die morele inhoud van die reg soos gereflekteer in die jurisprudensiële modelle van juridiese hermeneutiek en dekonstruksie, kommunitarisme versus liberalisme, feminisme en die reg, konstitusionalisme en die critical legal studies-benadering, liberalisme, libertinisme en sosialisme, Dworkin se paradigma van rekonstruksie en die regbank, Amerikaanse

realisme en die rol van menseregte en geregtigheid in die regstelsel.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te stel om kennis te verwerf van konsepte, idees en beginsels, probleme te identifiseer en op te los met betrekking tot:

- Reg en moraliteit;
- Jurispridensiële implikasies van geregtigheidsbewuste denke en natuurlike regte;
- Geregtigheid en private eiendom;
- Reg en vryheid;
- Reg en sosiale geregtigheid;
- Reg, soewereiniteit en die staat;
- Reg, die gemeenskap en rekonstruksie;
- Die regsproses;
- Konseptuele denke in die reg met besondere verwysing na die Suid-Afrikaanse konstitusionele staat.

Assessering

Sowel formatiewe metodes (deur middel van toetse en werkstukke) en summatiewe metodes (eksamens), word geïmplementeer ten einde te bepaal of die studente die vereiste uitkomst bereik het met betrekking tot die sistematisering, analise en integrering van kennis soos vereis ingevolge die uitkomst.

ROR124 Romeinse Reg

Die module ROR124 Romeinse Reg (16 krediete) word in die Departement Romeinse Reg, Regsgeskiedenis en Regsvergelyking aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Om die grondbeginsels van die Romeinse Privaatreg by die student tuis te bring.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die student word bekend gestel aan die Romeinse -

- ☐ Personereg
- ☐ Erfreg
- ☐ Sakereg
- ☐ Prosesreg
- ☐ Verbintenisreg.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

RPK112 Regspraktyk

Die module RPK112 Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die student sal in staat wees om -

- ☐ die behoefte aan professionele etiek te begryp;
- ☐ professionele etiek te definieer;
- ☐ die term 'geskik en gepas' te verduidelik;
- ☐ die term "botsing van belange" te verduidelik
- ☐ die internasionale etiese kode te kan analiseer
- ☐ die bronne van professionele etiek te verduidelik;
- ☐ die struktuur van en toelating tot die georganiseerde professie te beskryf;
- ☐ die belang van die Getrouheidswaarborgfonds te verstaan;

- ❑ die basiese beginsels van toepassing op die prokureur-kliënt verhouding te bespreek.
- ❑ die studente etiese kode te analiseer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die student sal in staat wees om die volgende vaardighede te bemeester:

Die FIRAC model te kan gebruik
Skryfvaardighede
Kommunikasievaardighede
Betoogvaardighede
Onderhoudsvaardighede
Numeriese vaardighede
Navorsingsvaardighede.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

RPK122 Regspraktyk

Die module RPK122 Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied.

Beskrywing en doel van kursus

Die student sal in staat wees om -

- ❑ die behoefte aan professionele etiek te begryp;
- ❑ professionele etiek te definieer;
- ❑ die term 'geskik en gepas' te verduidelik;
- ❑ die term "botsing van belange" te verduidelik
- ❑ die internasionale etiese kode te kan analiseer
- ❑ die bronne van professionele etiek te verduidelik;
- ❑ die struktuur van en toelating tot die georganiseerde professie te beskryf;
- ❑ die belang van die Getrouheidswaarborgfonds te verstaan;
- ❑ die basiese beginsels van toepassing op die prokureur-kliënt verhouding te bespreek.
- ❑ die studente etiese kode te analiseer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die student sal in staat wees om die volgende vaardighede te bemeester:

*Die FIRAC model te kan gebruik
Skryfvaardighede
Kommunikasievaardighede
Betoogvaardighede
Onderhoudsvaardighede
Numeriese vaardighede
Navorsingsvaardighede.*

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

RPK214 Regspraktyk

Die module RPK214 Regspraktyk (16 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die student moet die volgende rekenaarvaardighede bemeester:

- ☐ muis- en sleutelbordvaardigheid;
- ☐ “Windows”;
- ☐ basiese en gevorderde “Word”;
- ☐ “Excel”;
- ☐ “Powerpoint”;
- ☐ gebruikmaking van bronne, wat insluit hardekopie soektogte;
- ☐ internet-gebruik wat insluit ’n oorsig, toekoms, verandering, navigasie, evaluering, regswebwerwe, e-pos;
- ☐ databasisse wat insluit soekstrategie, “Kovsiekat”, “Kovsie-dex”, “SA Studies”, “Index to Legal Periodicals”;
- ☐ skryf van ’n werkstuk.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

RPK312 Regspraktyk

Die module RPK312 Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied

* Die suksesvolle voltooiing van ARR214 en ARR224 is 'n voorvereiste.

Beskrywing en doel van kursus

Die doel is om studente toe te rus om die arbeidsreg prakties te kan toepas en bestaan uit die volgende:

- Die opstel van 'n dienskontrak en die onderskeid tussen verwante ooreenkomste
- Die opstel van griewe en dissiplinêre kodes
- Die verwysings van 'n geskil vir beslegting
- Die voltooi en opstel van dokumentasie
- KVBA litigasie
- Die toepassing van die Wet op Gelyke Indiensneming
- Die opstel van 'n regstellende aksie plan en verslag.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na afloop van hierdie module behoort die student in staat te wees om die arbeidsreg prakties te kan toepas deur probleme te identifiseer en oplossings aan die hand van wetgewing en regspraak te formuleer. Studente behoort dienskontrakte, kodes en aansoeke te kan opstel, KVBA dokumentasie behoorlik voltooi en 'n volledige uiteensetting van die dissiplinêre proses te kan gee.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

RPK322 Regspraktyk

Die module RPK322 Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die kursus bestaan uit twee dele. Die eerste deel is ter voorbereiding van die student vir die skryf van die mini-verhandeling (RSK424) en behels die voorbereiding en registrasie van 'n titel vir die mini-verhandeling en die navorsing en skryf van die mini-verhandeling. Die tweede deel van die kursus bou voort op etiek en professionele gedrag waaraan die student in die eerste studiejaar inleidend blootgestel was

Doel (1) - Studente word bekend gestel met die vereistes wat gestel word om regsnavorsing te doen, en bepaald voorberei om die mini-verhandeling vereis vir die graad LLB, te voltooi.

Doel (2) - Studente word verder bekend gestel aan verpligtinge van die regspraktisyn, spesifiek met verwysing na verpligtinge voortvloeiend uit sy verhouding met die kliënt, die hof, die publiek, die professionele liggame en kollegas.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- Vereistes vir registrasie van navorsingstitel
- Identifisering van navorsingstitel
- Navorsing en die skryf van die mini-tesis

- Die inhoud en praktiese toepassing van die regspraktisyn se professionele verantwoordelikheid teenoor die kliënt, die staat, die hof, die publiek, die professionele liggame en kollegas

Assessering

Beide formatiewe ('n werkstuk en navorsingsvoortstel) en summatiewe (finale eksamen) assesseringsmetode sal gebruik word om te bepaal of die student die kursusleerdoelwitte bereik het.

RPK412 Regspraktyk

Die module RPK412 Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die kursus bestaan uit die volgende afdelings: konsultasievaardighede, die skryf van regsbriefe, die opstel van kennisgewings en pleitstukke, en praktyksbestuur.

Die onderskeie doelstellings van die afdelings is:

- Om die student toe te rus om deeglik te konsulteer
- Om die student toe te rus om 'n professionele prokureursbrief te skryf
- Om die student toe te rus om basiese regskennisgewings en pleitstukke te kan opstel.
- Om die student toe te rus met kennis en vaardighede verlang vir praktyksbestuur.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- Die doel van kliënte konsultasies
- Die struktuur van 'n konsultasie
- Die doel van prokureursbriefe
- Die struktuur van prokureursbriefe
- Die doel van pleitstukke en kennisgewings
- Die struktuur van pleitstukke en kennisgewings
- Die doel van praktyksbestuur
- Die verskillende fasette van praktyksbestuur

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke, en die verrigting van praktiese werk by die UV Regskliniek) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

RPK422 Regspraktyk

Die module RPK422 Regspraktyk (8 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die kursus handel met praktiese egskeidingslitigasie. Dit bevestig die bestaande kennis van die student opgedoen in Familiereg in die eerste jaar van studie en gaan dan verder om die student in staat te stel om familiereg prakties toe te pas in die verskillende fasette van egskeidingspraktyk.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- Die keuse van huwelik of verbintenis
- Gevolge van huweliksgoederebedelings
- Veranderings van huweliksgoederebedelings.
- Jurisdiksie in egskeidings en egskeidingsaangeleenthede.
- Die gronde vir egskeiding.
- Verdeling/oordrag van bates
- Beheer en toesig
- Onderhoud
- Pleitstukke en kennisgewings wat gebruik word in die egskeidingsaksie en verwante verrigtinge.
- Voorbereiding vir verhoor van die bestrede egskeiding.
- Advies na egskeiding.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke, en die verrigting van praktiese werk by die UV Regskliniek) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

RPL324 Regspluralisme

Die module RPL324 Regspluralisme (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied
Kennis van Inleiding tot die Reg, Personereg, Familiereg en Erfreg word voorveronderstel.

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekendgestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Regspluralisme en die praktiese toepassing daarvan met verwysing na die invloed van die Grondwet.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te verstaan, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ❑ Basiese kenmerke, historiese oorsig en erkenning van regspluralisme en gewoontereg;
- ❑ Verskaffing van basiese regsadvies rakende grondwetlike implikasies van gewoontereg;
- ❑ Korrekte hantering van interne regsconflik;
- ❑ Toepassing van die gewoontereg op privaatregtelike aangeleenthede, nl:
 - Personereg
 - Familiereg en siviele huwelike
 - Deliktereg
 - Opvolgingsreg
 - Kontrakte- en
 - Sakereg;
- ❑ Begrip t.o.v die rol van tradisionele leiers weerspiël;
- ❑ Gebruik van gewoonteregtelike hofstrukture;
- ❑ Demonstreer kennis t.o.v algemene grondslae en huweliksreg van godsdienstige regstelsels.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

RVD134 Regsvaardighede

Die module RVD134 Regsvaardighede (16 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Om in die algemeen die 5-jarige LLB-studente te voorsien van 'n oorbruggingskursus tussen skool en universiteit, en te konsentreer op basiese vaardighede wat vereis word vir regstudie en regspraktyk.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student oor die volgende vaardighede te beskik:

- 'n Begrip van spesifieke skryfvaardighede ten aansien van die opstel van 'n regsdokumente,
- 'n begrip en toepassing van numeriese vaardighede waarvan toepassing op die regspraktyk,
- bevoegdheid in lees en interpretasie van regsbronne met spesifieke verwysing na gesag,
- alle regsbronne relevant tot 'n spesifieke regsprobleem te kan integreer,
- voorbereidingsvaardighede wat noodsaaklik is om eksamens af te lê, asook
- basiese administratiewe vaardighede benodig om regsgeleerdheid suksesvol te bestudeer.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

RVD144 Regsvaardighede

Die module RVD144 Regsvaardighede (16 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Om in die algemeen die 5-jarige LLB-studente te voorsien van 'n oorbruggingskursus tussen skool en universiteit, en te konsentreer op basiese vaardighede wat vereis word vir regstudie en regspraktyk.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student oor die volgende vaardighede te beskik:

Die opstel van regsdokumente in die siviele reg, 'n skematiese begrip van die siviele- en strafverhoor, noodsaaklike litigasievaardighede en tegnieke.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

RVG424 Regsvergelyking

Die module RVG424 Regsvergelyking (16 krediete) word in die Departement Romeinse Reg, Regsgeskiedenis en Regsvergelyking aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Om die grondbeginsels van Regsvergelyking as metode tot ontsluiting van regstelsels te bestudeer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na voltooiing van hierdie kursus sal die student in staat wees om deur middel van regsvergelyking toegang tot buitelandse regstelsels te verkry.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

SAK324 Sakereg

Die module SAK324 Sakereg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekend gestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Sakereg en die praktiese implikasies daarvan, met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ Inleiding tot Sakereg;
- ☐ Eiendomsreg;
- ☐ Besit en houeerskap;
- ☐ Beperkte saaklike regte en ander regte in eiendom;

Met inagneming van konstitusionele waardes.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

SDR414 Skadevergoedingsreg

Die module SDR414 Skadevergoedingsreg (16 krediete) word in die Departement Privaatreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die student sal in staat wees om:

- ❑ Skade en skadevergoeding te onderskei en te definieer.
- ❑ Die inhoud, vasstelling en bepaling van skade en skadevergoeding te verstaan en toe te pas.
- ❑ Tussen die aard en vasstelling van vermoënskade en nie-vermoënskade te onderskei.
- ❑ 'n Duidelike begrip van toekomstige skade en *lucrum cessans* te hê.
- ❑ 'n Grondige kennis te hê van beperkingsreëls op skade en skadevergoeding (soos voordeeltoekenning, mitigasieplig, aanspreeklikheidsbeperking (d.m.v. kousaliteit), statutêre beperkings).

Geïntegreerde kennis en vaardighede

- ❑ Algemene inleiding met betrekking tot vermoënskade en nie-vermoënskade.
- ❑ Die aard en omvang asook die berekening van skade en skadevergoeding.
- ❑ Die abstrakte sommeskadeformule in kontras met die konkrete benadering.
- ❑ Gerealiseerde en verwagte verliese en die “*once and for all*” benadering.
- ❑ Kwantifisering van skadevergoeding
- ❑ Reëls ter beperking van die omvang van aanspreeklikheid van skadevergoeding.

Die student sal in staat wees om -

- ❑ Te onderskei tussen skade en skadevergoeding;
- ❑ Te weet wat vermoënskade en nie-vermoënskade is;

- ❑ Reeds gelede skade, toekomstige verliese en die “once and for all”-reël te versoen en te verklaar;
- ❑ Skadevergoeding te kan vasstel;
- ❑ Die beperkings op skadevergoedingsaanspreeklikheid te ken en toe te pas.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

SFR114 Strafreë

Die module SFR114 Strafreë (16 kredite) word in die Departement Straf- en Geneeskundige Reg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekend gestel aan:

- ❑ Wat die Strafreë behels en die plek daarvan in die totale regstelsel.
- ❑ Die elemente van die misdaad.
- ❑ Die praktiese implikasie van die grondwet met betrekking tot die Strafreë.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om kennis te hê met betrekking tot die volgende:

- ❑ Die plek van die Strafreë.
- ❑ Die naspoor en lees van 'n strafsak.
- ❑ Die elemente van die misdaad.

Suksesvolle studente sal in staat wees om:

- ❑ Die plek van Strafreë in die Suid-Afrikaanse Regstelsel te bepaal.
- ❑ Die vernaamste inligting uit 'n gerapporteerde strafuitspraak te abstraheer.
- ❑ Die besondere elemente van die misdaad te ontleed.
- ❑ 'n Gegewe feitesituasie te ontleed en te beantwoord met verwysing na teoretiese kennis sowel as toepaslike regspraak.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

SFR124 Strafreë

Die module SFR124 Strafreë (16 krediete) word in die Departement Straf- en Geneeskundige Reg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekend gestel aan:

- ☐ Watter handeling misdade uitmaak en welke elemente teenwoordig moet wees voordat daar van 'n misdaad sprake is.
- ☐ Die onderskeie misdade in die Suid-Afrikaanse reg.
- ☐ Die praktiese implikasie van die grondwet op die Strafreë.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om kennis te hê met betrekking tot die volgende:

- ☐ Die deelnemingsleer.
- ☐ Die onvoltooide misdaad.
- ☐ Spesifieke misdade:
 - ☐ Misdade teen die Staat en Regspleging
 - ☐ Misdade teen die Gemeenskap
 - ☐ Misdade teen die Persoon
 - ☐ Misdade teen Eiendom

Suksesvolle studente sal in staat wees om:

- ❑ Besondere misdade te identifiseer.
- ❑ Misdade te ontleed ten aansien van die besondere elemente van elk.
- ❑ Moontlike verwere in 'n aanklag rakende sodanige misdade te identifiseer.
- ❑ Standpunte in hierdie verband met verwysing na regspraak te motiveer.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

SFR214 STRAFREG

Die module SFR214 in gevorderde Strafred (16 krediete) word in die Departement Straf- en Geneeskundige Reg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die doel van hierdie module is die bemeestering van kennis en begrip van voorgeskrewe misdade, asook die vermoë om die verkreeë kennis toe te pas, te ontleed, te integreer en te evalueer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om:

- ❑ 'n Geïntegreerde geheelbeeld van die Strafred te gee;
- ❑ Die elemente van spesifieke misdade te identifiseer, te ontleed en te vergelyk;
- ❑ Basiese klagstate op te stel;
- ❑ Regsprobleme oor spesifieke misdade te identifiseer en oplossings te formuleer;
- ❑ Basiese regsadvies te verskaf oor spesifieke misdade rakende die sukses van 'n strafregtelike vervolging.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werksopdragte, klasvoordragte) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

SFR224 STRAFREG

Die module SFR224 in gevorderde Strafred (16 krediete) word in die Departement Straf- en Geneeskundige Reg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die doel van hierdie module is die bemeestering van kennis en begrip van voorgeskrewe misdade, asook die vermoë om die verkreeë kennis toe te pas, te ontleed, te integreer en te evalueer.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om:

- ☐ Die elemente van spesifieke misdade te identifiseer, te ontleed en te vergelyk;
- ☐ Basiese klagstate op te stel;
- ☐ Regsprobleme oor spesifieke misdade te identifiseer en oplossings te formuleer;
- ☐ Basiese regsadvies te verskaf oor spesifieke misdade rakende die sukses van 'n strafregtelike vervolging;
- ☐ Die beginsels van straftoemeting en die toepassing daarvan te bespreek.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werksopdragte, klasvoordragte) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

SPF224 Strafprosesreg

Die module SPF224 Strafprosesreg (16 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal bekend gestel word aan die basiese proses van die strafpraktyk. Daar sal deurlopend verwys word na gesag en die tersaaklike grondwetlike imperatiewe.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na die suksesvolle voltooiing van die module moet die student in staat wees om:

- Die geselekteerde algemene beginsels van die strafproses te analiseer
- Die voorverhoorfase te analiseer
- Die verhoorfase te analiseer
- Die vonnisfase te analiseer
- Die remedies na uitspraak en vonnis te analiseer

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

SVP414 Siviele prosesreg

Die module SVP414 Siviele prosesreg (16 krediete) word in die Departement Prosesreg en Bewysleer aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Die kursus stel die student bekend aan alle fasette rakende die uitvoering van enige siviele proses in die Suid-Afrikaanse reg. Die doel van die kursus is om die student toe te rus met kennisuitkomstes rakende:

- die verskillende howe en hul onderskeie jurisdiksies,
- verskillende eisoursake en die formulering daarvan,
- die partye tot siviele gedingvoering en die sitering van die partye en pleitstukke en kennisgewings,
- die verskillende vorme van siviele gedingvoering,
- die verloop van die proses,
- enige tussentydse stappe,
- voorbereiding vir verhoor,

- die verhoor,
- appelle en hersienings.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Die suksesvolle student sal toegerus wees met kennis en praktiese vaardighede vir die toeapssing van daardie kennis, met betrekking tot -

- ☐ Jurisdiksie;
- ☐ *Locus standi in iudicio*
- ☐ Aansoekprosedure en aksieprosedure;
- ☐ Interdikte;
- ☐ Verloop van die siviele proses, beide verdedig en onverdedig;
- ☐ Aanmaning as eerste stap en berekening van tydperke;
- ☐ Vonnis by verstek;
- ☐ Verweerskrif en teeneis;
- ☐ Tussentydse prosedure;
- ☐ Voorverhoorprosedure;
- ☐ Verhoor;
- ☐ Koste;
- ☐ Uitwinning;
- ☐ Appèl en hersiening.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomste bereik het.

TRR424 Trustreg

Die module TRR424 Trustreg (16 krediete) is 'n keuse-module en word gesamentlik deur die Departemente Privaatreg en Handelsreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente sal, met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak, bekend gestel word aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Trustreg en die praktiese implikasies daarvan.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om (met inagneming van konstitusionele waardes) begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ☐ Die oorsprong van die trust;
- ☐ Die vereistes vir die verlyding van 'n geldige trustakte;
- ☐ Die wysiging van 'n trustakte;
- ☐ Die beëindiging van die trust;
- ☐ Die regte en verpligtinge van partye tot die trust; en
- ☐ Trustreg en die praktyk.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

ULL214 Uitlegsleer

Die module ULL214 Uitlegsleer (16 krediete) word in die Departement Staatsreg en Regsfilosofie aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekend gestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van die Uitlegsleer en die praktiese implikasies daarvan, met voortdurende verwysing na die grondwetlike impak.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- uitlegsteorieë;
- die Grondwet en die uitleg van wetgewing;
- grondwetlike uitleg;
- die drie-fase model van wetsuitleg; en
- spesifieke beginsels, reëls en vermoedens van uitleg.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

VOF414 Versekeringsreg

Die module VOF414 Versekeringsreg (16 krediete) word in die Departement Handelsreg aangebied

Beskrywing en doel van kursus

Studente word bekend gestel aan die basiese grondbeginsels en konsepte van Versekeringsreg. Die kursus het ten doel om studente in staat te stel om probleme in die veld van versekering te identifiseer en dit op te los deur die praktiese toepassing van versekeringsbeginsels.

Geïntegreerde kennis en vaardighede

Na suksesvolle afloop van hierdie module behoort 'n student in staat te wees om begrippe en beginsels te versamel, probleme te identifiseer en oplossings te formuleer rakende:

- ❑ Inleiding tot Versekeringsreg
- ❑ Korttermynversekering
- ❑ Langtermynversekering
- ❑ Statutêre versekering
- ❑ Besigheidspraktyk.

Assessering

Beide formatiewe (bv. toetse, werkstukke) sowel as summatiewe (eksamens) assesseringsmetodes sal gebruik word om te bepaal of die student die module-uitkomst bereik het.

AFA108 Afrikaans vir Akademiese Doeleindes

Doel

Om studente primêr toe te rus met 'n algemene taalgebruiks-kennis om sodoende hul akademiese kommunikatiewe vaardighede in beide vakgerigte en algemene kontekste te verbeter.

Assessering

Deurlopende evaluering is ter sprake. Dit impliseer dat klasbywoning van die uiterste belang is, aangesien opdragte gedurende lesingtye afgehandel en ingegee word.

AFP112/AFP122, AFP132/AFP142 Afrikaans vir die professies

AFP112 Effektiewe luister en lees

AFP122 Tekslogika en –samehang

AFP132 Doeltreffende formulering

AFP142 Oorredingstrategieë

ALC108 Akademiese Taalkursus

Doel

Die kursus het ten doel om die akademiese kommunikasie-vaardighede van studente te ontwikkel sodat hulle sukses ervaar met hul studies.

Assessering

Deurlopende evaluering met toetse in Junie en Oktober.

BRS111 Basiese rekenaargeletterdheid

(Departement Rekenaarwetenskap en Informatika)

Doel

Om basiese kennis van die beginsels van mikro-rekenaars en mikro-rekenaar hardeware aan studente oor te dra, kennis en toepassingsvaardighede van basiese bevele van 'n operasionele sisteem, 'n algemene woordprosesseringsprogram, 'n spreivel-program en die Internet.

Assessering

Hierdie module word deur middel van deurlopende evaluering geëvalueer en geen spesiale eksamens word toegestaan nie.

RIS121 Gevorderde Rekenaargebruik

(Departement Rekenaarwetenskap en Informatika)

Voorvereistes: RKG 131, RKG 141 of BRS 111 of BAS 111.

Doel

Om die volgende kennis en toepassingsvaardighede aan studente oor te dra: gevorderde aspekte van 'n algemene woord-prosesseringsprogram, gevorderde aspekte van spreivelle, die basiese kennis van 'n program vir aanbiedings/voorleggings en 'n databasis-program.

Assessering

Hierdie modules word deur middel van deurlopende evaluering geëvalueer en geen spesiale eksamens word toegestaan nie.

DTS112 / DTS122 Duitse Kommunikatiewe Taalstudie

DTS134 Duitse Prosa

DTS142 Duitse Drama

Doel

Hierdie modules is ontwerp vir studente wat Duits tot graad 12 geneem het. Die doel is om die vier taalvaardighede, nl. verstaan, praat, lees en skryf te konsolideer.

Assessering

Deurlopende evaluering.

DTS154 / DTS164 Duits vir Beginners

Doel

Hierdie module is 'n kommunikatiewe taalvaardigheidsmodule en is geskik vir studente wat geen vooraf-kennis van Duits het nie. Die doel van die kursus is om die vier taalvaardighede, nl. verstaan, praat, lees en skryf te ontwikkel.

Assessering

Deurlopende evaluering.

FRN112 Kommunikatiewe Frans: 'n Inleiding

Doel

Hierdie module fokus op die aanleer van 'n vreemde taal en veral om studente met die nodige vaardighede toe te rus om basiese kommunikatiewe situasies te hanteer.

Geïntegreerde kennis

Na afloop van hierdie module sal studente in staat wees om:

- ❑ Vrae wat deur die dosent gevra word te verstaan en te beantwoord.
- ❑ Basiese opdragte wat in die klaskamer gegee word te verstaan.
- ❑ Basiese grammatika te gebruik.

Assesseringskriteria

FRN122 Kommunikatiewe Frans

Doel

Hierdie module fokus op die aanleer van 'n vreemde taal en meer spesifiek op die voorbereiding van studente op basiese kommunikatiewe situasies ten einde hulle toe te rus met die vaardighede om hulself in sulke situasies te kan handhaaf.

Gëintegreerde kennis

Na afloop van hierdie module sal studente in staat wees om:

- ☐ Sekere vrae te verstaan en te beantwoord.
- ☐ Basiese grammatika te gebruik.

Assesseringskriteria

Twee semestertoetse, deurlopende evaluering en eksamen.

FRN132 Kommunikatiewe Frans: Die Hugenote en Franse sendelinge

Doel

Hierdie module fokus op Franse kultuur en geskiedenis en die invloed daarvan op Suid-Afrika en Suid-Afrikaners. Die spesifieke fokus is op koningskap (Hendrik IV, Koning Moshoeshoe van Lesotho) en op Hugenote-invloed in Suid-Afrika. Die module dra ook by tot die verbetering van die student se mondelinge en geskrewe taalvaardighede in Frans.

Gëintegreerde kennis

Na afloop van hierdie module sal studente in staat wees om:

- ☐ Vrae rakende koning Moshoeshoe, die Hugenote en die Franse sendelinge in Suid-Afrika sowel as die invloed van die Hugenote en die sendelinge op onderskeidelik Suid-Afrika en Lesotho te beantwoord.
- ☐ Die verbintenis tussen Frankryk en Suidelike-Afrika te verduidelik.

Assesseringskriteria

Een opdrag, een opstel en een mondelinge evaluering.

FRN142 Besigheids-Frans Suid-Afrika in Franse tekste

Doel

Semester twee fokus op verwysings na Suid/Suider-Afrika in generies diverse Franse tekste. Gedurende 'n paar lesings wat tydens die vierde kwartaal aangebied word, sal studente bekend gestel word aan Besigheids-Frans.

Gëintegreerde kennis

Na afloop van hierdie module sal studente in staat wees om:

- ☐ Bespreking te kan voer oor onderwerpe wat in die tekskategorieë aangespreek word.
- ☐ Kommentaar te lewer op werke van Jules Verne.
- ☐ Kommentaar te lewer op Franse reisbeskrywings wat op Suidelike/Suid-Afrika fokus.
- ☐ Die lewens van verskillende persoonlikhede wat gedurende die module behandel is, te bespreek.

Assesseringskriteria

Een taak, een opstel, een mondelinge evaluering en eksamen.

LAT114 / LAT124 Latyn

Doel

Om die student in staat te stel om eenvoudige Latynse literêre regstekste te lees en te verstaan en die Latynse terme in regsdokumentasie ten volle te verstaan en te begryp, om Afrikaanse en Engelse woordeskat grootliks uit te brei, om die nodige vaardighede en kritiese vermoëns te ontwikkel om ander tale suksesvol aan te leer, om 'n breë oorsig oor die antieke Romeinse beskawing op te doen.

Assessering

Klas- en kwartaaltoetse om 'n gemiddelde semesterpunt te bepaal.

MTL108 Wiskundige Geletterheid

Die module Wiskundige Geletterdheid word aangebied in die Departement Wiskunde en Toegepaste Wiskunde.

Doel

Om die student in staat te stel om: rekenkundige- en wiskundige bewerkings te doen, 'n sakrekenaar suksesvol te gebruik, data te groepeer en berekenings van beskrywende statistiek te doen, wiskundige taal te gebruik om wiskundige idees, konsepte, veralgemenings en menings te verwerk.

Assesserings kriteria

Deurlopende evaluering.

REN108 Engels

Doel

Om studente te help om hulle vaardighede in Engels te verbeter, om die spreek- en skryftaal korrek en effektief te gebruik, veral omdat Engels die taal van die wet is.

Assessering

Deurlopende evaluering geflekteer deur 'n jaarpunt, wat saamgestel word uit verskillende komponente.

RKR215 Regskriminologie (straftoemeting)

Die module Regskriminologie RKR215 (straftoemeting) word in die Departement Kriminologie aangebied.

Doel

Die doel van die module is om studente toe te rus met wetenskaplike kennis oor die teorie en praktyk van straftoemeting sodat hulle in staat kan wees om as regsverteenwoordigers, staatsaanklaers en regsprekende beamptes die riglyne kan toepas ten einde gepaste vonnisse op te lê.

Assessering

Deurlopende- en eindassessering.

RKR225 Regskriminologie (Misdaadveroorsaking en Viktimologie)

Die module Regskriminologie RKR225 (Misdaadveroorsaking en Viktimologie) word in die Departement Kriminologie aangebied.

Doel

Die doel van die module is om studente toe te rus met wetenskaplike kennis oor misdaadveroorsakingsmodelle en die slagoffer van misdaad sodat hulle in staat kan wees om as regsverteenwoordigers, staatsaanklaers en regsprekende beamptes die slagoffer te help en kennis te hê van beide die slagoffer en oortreder ten einde 'n holistiese benadering te volg.

Assessering

Deurlopende- en eindassessering.

RRK208 Regsrekeningkunde

Doel

Spesifiek saamgestel om regstudente toe te rus om in die praktyk basiese rekeningkundige- en rekordhoudingvaardighede te kan toepas, asook die meganika van BTW en inkomstebelasting te verstaan en prakties te gebruik.

Assessering

Deurlopend- en eindassessering.

RTK108 Regstaal en Kultuur

Doel

Om die student in staat te stel om die mees algemeen Latynse terme en afkortings wat in regsdokumente aangetref word, te verstaan en met begrip te kan gebruik, om die sosiale en kulturele omstandighede waarin die Romeinse Reg sy beslag gekry het, te verstaan, om Engelse en Afrikaanse woordeskat grootliks uit te brei, aangesien 'n groot aantal van ons alledaagse woorde van Latyn afgelei is.

Assessering

Klas- en kwartaaltoetse om 'n gemiddelde finale semesterpunt te bepaal.

VBL108 Vaardighede en Bevoegdhede vir Lewenslange Leer

Doel

Om studente toe te rus met vaardighede en bevoegdhede vir lewenslange leer, wat onder andere die volgende insluit: geheuevaardighede, probleemoplossing, lees- en leer-vaardighede, kritiese denke en portefeulje ontwikkelings-vaardighede, gesonde leefstyl, effektiewe stresshantering, persoonlike finansiële bestuur, selfmotivering, ens.

Assessering

Studente sal op 'n deurlopende basis met betrekking tot hul kennis en vermoëns om die vaardighede in die praktyk toe te pas geëvalueer word.

Assesserings metodes

Formatiewe assessering deur middel van:

- ☐ portefeuljes
- ☐ groepsbesprekings
- ☐ terugvoer na praktiese aktiwiteite
- ☐ selfassessering

Summatiewe assessering deur middel van:

- ☐ toetse
 - ☐ werkstukke
 - ☐ portefeuljes
-

BYLAE

**Fakulteit Ekonomiese- en
Bestuurswetenskappe
B. Com. (Regte)**

Hierdie graad word deur die Fakulteit Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe aangebied en word slegs in hierdie boek opgeneem vir kennisname. Studente registreer by die Fakulteit Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe.

INLIGTING

Hierdie opsie is:

- (a) vir studente wat 'n loopbaan in die sakewêreld beoog en wat hulle graag wil toerus met 'n basiese kennis van die reg, sowel as
- (b) vir studente wat 'n loopbaan in die regte beoog en wat hulle graag wil toerus om as prokureurs, advokate of regsadviseurs vir finansiële instellings en ander ondernemings op te tree.

'n Uitstekende opsie is om hierdie graad op te volg met LL.B.-studie.

Hierdie rigting word onderskei deur die beduidende aantal regsmodules, veral in die tweede en derde studiejare. Verder is daar in die derde jaar slegs plek vir een bestuursgerigte hoofvak.

Rekeningkunde word tot op tweedejaarsvlak vereis.

TOELATINGSVEREISTES

B. Com (Regte) – Studie kode 6309

- Graad 12 sertifikaat met endossement.
- M-telling van 28 en hoër.
- Graad 12 Wiskunde (SG) minstens 'n C-simbool.
- Graad 12 (HG) minstens 'n C simbool in Afrikaans of Engels.

ROOSTERBOTSINGS

'n Student moet die kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerrooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

KURRIKULUM

'n Student vir die B.Com. (Regte)-graad moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene regulasies, ooreenkomstig die uiteensetting hieronder, saamstel.

'n Student moet self seker maak dat modulevoorvereistes nagekom word (soos deur die Fakulteit Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe vereis).

B.COM.. (REGTE) Studiekode: 6309

	EERSTE JAAR		TWEDE JAAR		DERDE JAAR	
VERPLIG:	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2	Sem. 1	Sem. 2
Ekonomie	EKN 114	EKN 124	EKN214	EKN224	EKN314 of	EK324 of
Ondernemingsbestuur	OBS134			OBS244	OBS314	OBS324
Bemarking		OBS144				of
Finansiële Bestuur			OBS234			OBS364 of
Rekeningkunde	REK 114	REK 124	REK204 BRF214	REK204	REK308	REK308
Regsrekeningkunde					RRK208*	RRK208*
Rekenaargeletterdheid			BRS111	BRS121		
Strafprosesreg						SPF224
Regskriminologie					RKR215*	RKR225*
Familiereg**	FAM 114					
Inleiding tot die Regswetenskap	ILR114	ILR 124				
Arbeidsreg					ARR214* of	ARR22* of
Strafreg			SFR114	SFR124	SFR214*	SFR22*
Taalvaardigheid: Afrikaans vir die Professions	AFP 132 of	AFP 122 of				
Besigheids-engels	EBE 112 of	EBE 122 of				
Latyn	LAT 114 of	LAT 124 of				
Latyn Spesiaal	RTK 108	RTK 108				
Kontraktereg				KON224		
Deliktereg					DEL314	
Bewysreg				BWR224		
Personereg**		PSN 124				
Erfreg en Boedelbered-dering			ERF214			

Sakereg					SAK324
Regsgeskiedenis	RGK114*				
Uitlegsleer				ULL 214	
Romeinse Reg		ROR124*			

*Hierdie modules kan addisioneel geneem word tot die voorgeskrewe B.Com. (Regte)-graad. Die addisionele modules is nie kredietdraend vir B.Com. (Regte) nie. Dié modules kan dus nie “uitgeruil” word nie. Om die B.Com.. (Regte) graad te behaal moet die voorgeskrewe kurrikulum gevolg word.

**’n 34 M-telling in graad 12 word baie sterk aanbeveel vir Familiereg (FAM 114) en Personereg (PSN 124).